



PARYS CHRISTELIKE SKOOL

NUUSBRIEF 42

11 November 2013

LIEWE OUERS,

☞ “Speed Stacks”

Donderdag 14 November om 12:30 - 13:00, neem van ons leerders deel aan ‘n wêreldrekord vir “Speed stacks”. Die gekose leerders sal hierdie week pouses oefen en dan Donderdag vir ‘n halfuur lank saam aan ‘n nuwe rekord wêreldwyd speel.

☞ Klaswisseling:

Vrydag 15 November gaan al die klasse na die volgende graad skuif en besoek vir die dag. Die gr. RR’e gaan die graad R klasse en hul nuwe juffrouens besoek, die graad 1’s gaan graad 2 klasse toe ens. Die graad 7’s gaan egter nie hier wees nie, want hulle gaan op hul uitstappie vir die graad 7 afsluiting. Die nuwe onderwyseresse sal ook daardie dag hier wees om die leerders te ontmoet.

☞ Graad 7 afsluiting:

Graad 7 leerders kom Vrydag met gewone klere en bagasie skooltoe. Ons vertrek om 09:00. Baie dankie aan Debbie Botes wat hierdie dag vir hulle moontlik maak en vir al die aktiwiteite rondom die naweek!

☞ Sport:

Hierdie week sluit ons af met sportoefening, tennis, skaak, lees en hulpklasse.

☞ Eksamen:

Baie sterkte aan alle graad 4 tot 7 leerders wat volgende Maandag met hul finale eksamens begin. Skool sal vanaf Maandag 18 tot Donderdag 28 November om 08:00 begin en om 13:00 verdaag vir alle grade.

☞ Prettdag:

Vrydag 29 November gaan ons ‘n heerlike prettdag hou vir ons leerders. Hulle kom met gewone klere skooltoe en sal om 11:00 verdaag vir die naweek.

☞ Skool sluit:

Woensdag 4 Desember.
Rapporte word tussen 08:00 en 09:00 by klasonderwyseres afgehaal.

Program vir die week:

Maandag	-	Opening	:	07:30 - 08:00
Dinsdag	-	Atletiek	:	14:00 - 15:00
		Tennis	:	14:00 - 15:00
		Skaak	:	15:00 - 16:00
Woensdag	-	Lees is pret	:	14:00 - 15:00
		Voortrekkers	:	15:00 - 16:00
		Hulpklasse	:	13:30 - 14:00
Donderdag	-	Atletiek	:	14:00 - 15:00
		Skaak	:	15:00 - 16:00
Vrydag	-	Skool verdaag	:	13:00

Seëngroete

Riana van Tonder
(Hoof van PCS)

.....
Klein genoeg om te groei... groot genoeg om vrug te dra